

Die wil van Judas

96 Deur die sarkastiese woorde van Judas raak Thomas byna buite homself van woede en ergernis, en hy wil hom sommer met alle mag te lyf gaan. Maar **Ek** gaan nou, al byna halfpad na Kapernaum, na Thomas toe en sê: “Broer, so lank as wat jy My rustig en bedaard sien, wees jy dan ook soos wat jy My sien as jy maar dikwels genoeg na My kyk! Ja, as jy eenkeer sien dat Ek slaan, spring dan vinnig op en slaan so hard as wat jy kan! Maar dit is nou bepaald nog lank nie nodig nie. **Die nag bly nag ondanks alles wat jy daaraan gaan doen, en Judas sal Judas bly!** Hy is nie daartoe verdoem soos die nag nie, wat die natuurlike skaduwee van die aarde is, **maar as hy Judas wil bly, dan moet hy dit maar bly;** ons bly egter dit wat ons is! Die toekoms sal leer, hoever hy dit sal bring met sy Judas(ges)!”

[2] **Thomas** sê: “Maar Meester, U sou hom tog van U af kan wegstuur, anders gaan ons nog heelwat moeilikheid kry met hom; want hy verkoop smerige en boosaardige praatjies!”

[3] **Ek** sê: “Ek het hom nie gevra om te kom nie en sal hom daarom ook nie wegstuur nie; as hy egter wil gaan soos wat hy gekom het, dan sal ons geen traan daaroor stort nie! Maar jy moet uit sy hare uitbly, want julle gaan nie goed saam nie. Vergewe hom egter alles, soos wat Ek hom vergewe het, **dan sal jou hart vry wees!**”

[4] **Thomas** sê: “Wat betref die vergifnis van my kant af, daarvoor hoef U geen sorg te hê nie; want ek het beslis nooit `n wrok teen hom gekoester nie, alhoewel ek hom altyd geken het as `n mens waarmee niemand maklik oor die weg kon kom nie; - selfs nie eers die profeet Johannes nie, waarmee hy meermale `n twisgesprek gehad het! Maar ek moet heel eerlik toegee dat dit vir my `n duisendmaal beter sou gewees het as hy nie by ons geselskap was nie!

[5] Toe ek eergister tuis was, het ek natuurlik heelwat oor U dade aan my kennisse vertel, wat hulleself baie daarvoor verbaas het. Dit kom egter ook by Judas se ore uit; en hy was die eerste wat besluit het om homself by U aan te sluit! Want die leer van Johannes staan hom nie aan nie, omdat dit niks anders as strenge boetedoening preke en aan elkeen `n onverbiddelike Elohim-oordele verkondig wie nie tot ware boetedoening wil oorgaan nie; om die rede het hy dan ook meermale met Johannes geredetwis.

[6] Johannes was heeltemal vervul met boetedoening en Judas presies die teenoorgestelde. Hy lê

Johannes sonder meer uit dat die sogenaamde “sak en as”-boetedoening die domste ding is wat `n mens in sy lewe kan doen; die mens moet inderdaad hulleself verbeter, maar nie in sak en as nie!

[7] Johannes het weliswaar nie spesifiek sak en as aanbeveel as beslis noodsaaklik vir boetedoening nie; hy het alles die ware dinge vergelykenderwys in sy toesprake na vore gebring en wou daarmee `n grondige verbetering van die mens, wat `n slaaf van sy sondes geword het, aangedui het; maar Judas, wat alles beter wil weet en begryp, was nie daarmee eens dat mens ook deur beelde en gelykenisse onderrig kan word nie, want hy vind dat mense hulleself oor sulke belangrike sake, waar die verlossing van die mense daarvan afhang, hulself altyd in heldere, begryplike taal moes uitdruk.

[8] Die profete was volgens hom pure esels, omdat hulle in beelde gespreek het wat `n mens kon uitlê soos wat `n mens maar wou; dit was slegs aan hulle te wyte dat die priesters, die konings en die hele volk bederf was. Kortom, by hom is elke mens, hoog of laag, `n esel as hy nie dink en handel soos hy nie; en daarom dink ek dat hy nie in ons geselskap sal inpas nie.”

[9] **Ek** sê: “My beste Thomas! Wat jy My nou vertel het, weet Ek lankal; maar tog bly Ek daarby: **As hy wil gaan, dan gaan hy; as hy egter wil bly, dan bly hy!** Ek weet nog baie meer van hom en weet selfs wat hy Myself sal aandoen; maar tog moet hy bly, as hy wil bly! Want sy siel is `n duiwel en wil aan Elohim die Wysheid leer; maar die gedagte sal hierdie siel nie baie goed doen nie. Maar nou hou ons daarvoor op. Daar kom binnekort nog wel `n geleentheid waarby ons by hom die vinger op sy seerplek sal lê. - ons het nou inmiddels binne die mure van Kapernaum aangekom en Ek sien deur die stadspoort `n Romeinse hoofman wat ons vinnig tegemoetkom, vergesel van die owerste Cornelius en sy koninklike familielid; daar moet weer `n sieke genees word.”

*In Kapernaum:**Die siek kneg van die hoofman word genees*

97 Matthéüs 8: Hier begin Matthéüs by die vyfde vers in die agtste hoofstuk die geskiedenis beknoop op te skrywe; Matthéüs skryf nou tot so ver as wat Ek weer na `n fees in Jerusalem toe sou gaan.

[1] Ons loop nou nog op ons gemak `n paar honderd treë en soos wat Ek die stadsgebied betree, kom **die hoofman** direk op My af, vra of Ek na hom wil luister en sê dan: “Meester! Tuis lê my kneg wat jиг het en

wat baie daaronder ly, en niks meer kan doen nie".
(*Matthéüs. 8: 6*)

[2] **Ek** sê aan die hoofman: "Ek sal kom en hom beter maak". (*Matthéüs. 8: 7*)

[3] **Die hoofman** sê egter: "Meester! Ek is heeltemal nie werd dat U in my huis kom nie, maar spreek slegs één woord, dan sal my kneg gesond word!
(*Matthéüs. 8: 8*) Want ek is ook maar `n mens, wat - soos baie ander - ondergeskik is aan hoër gesag; maar onder my het ek tog baie soldate wat my gehoorsaam. En as ek aan een van hulle sê: Doen dit, dan doen hy dit, of as ek sê dat hy moet verdwyn, dan verdwyn hy. En as ek aan `n ander kneg sê: kom, dan kom hy; en as ek aan my kneg sê: Doen dit of dat vir my, dan doen hy dit dadelik!
(*Matthéüs. 8: 9*)

[4] Al die geeste is egter aan U ondergeskik en U is die totale gebieders oor wat in die hemele en wat op aarde en wat in die aarde is; U hoef dus slegs maar aan U onsigbare magte `n aanwysing te gee en Hulle sal onmiddellik U wil volbring!"

[5] Hierdie hoofman lê My sy versoek betreffende sy kneg so vol vertroue voor, omdat hy deur die onmiddellike genesing van die seun van die koninklike beampte en deur die verhale van die owerste daarvan oortuig was dat ek op wonderbare wyse op `n afstand kon genees deur sleg één enkele woord te spreek. Dit was dan ook die rede dat hy slegs as koninklike beampte na My toe gekom het, toe hy hoor dat Ek die stad nader.

[6] Toe Ek dus hoor hoe baie vertroue die hoofman in My het, sê **Ek** verwonderd - weliswaar nie vir Myself nie, maar vir die leerlinge - nie spesifiek aan die hoofman nie, maar meer aan diegene wat by My was: "Werklik, so `n geloof het Ek in die hele Israel

nog nie teëgekome nie! (*Matthéüs. 8: 10*) Maar Ek sê ook vir julle: Baie sal uit die ooste en uit die weste kom en met Abraham, Isak en Jakob in die Hemelryk sit (d. w. s. deel in die glansrykheid van die Vader) (*Matthéüs. 8: 11*), maar die kinders van die Ryk sal uitgestoot word tot in die grootste duisternis, waar `n ontsettend gekerm en `n jammerlike tan-degeklapper sal wees!" (*Matthéüs. 8: 12*)

[7] Nog voor Ek dit uitgespreek het, slaan **baie** hulleself op die bors en sê: "Meester, verwerp U dan die kinders en neem U in hulle plek die heidene aan?"

[8] En **Ek** sê: "Nóg die kinders nóg die heidene! **Wie glo en die liefde het, hetsy Judeër, Griek of Romein, die sal aangeneem word!**"

[9] Daarna rig **Ek** My tot die hoofman en sê aan hom: "Gaan heen; dit sal gebeur soos wat u glo!"

[10] Die hoofman bedank My uit die diepte van sy hart, gaan dadelik huistoe en sien dat alles daar in vervulling gegaan het wat hy met `n onwrikbare geloof gevra het; want die kneg het in dieselfde uur gesond geword waarop Ek aan die hoofman gesê het: "Dit gebeur soos wat u glo!" (*Matthéüs. 8: 13*)

[11] Die teken in Kapernaum en ook wat voorheen met die seun van die koninklike beampte, wat die stadhouer in Kapernaum was, verwek in hierdie stad besonder baie opslae, veral onder die Romeine en die Grieke wat in die stad aanwesig was; maar **onder die Judeërs** wat in hierdie stad vanuit Jerusalem gestasioneer was en die aangestelde priesters en skrifgeleerdes, **wek dit slegs ergernis, nyd en woede op!**